


**PIETER VAN AARDT SE ONTHOUPAADJIE**  
**Genealogie verryk MaHlogola (die Reënmaker) se lewe**



Ek is op 8 September 1935 te Chrissiesmeer in Nu-Scotland gebore op die dag waarop die eerste lentereën daar uitgesak het. Die plaasarbeiders, uit hoofde van hul geloof en tradisie, het my dadelik as 'n reënmaker gesien, waarop hulle my die Swazinaam *maHlogohla* gegee het. Totdat ek ses jaar oud was, toe die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek het, het ons op die plaas *Edenvale* gewoon waar ek onder familie en arbeiders onder my Swazinaam bekend was.

My pa het in 1940 by die Weermag aangesluit en my ma, my twee susters en ek het vir die duur van die oorlog op Middelburg gevestig waar ek dan ook my eerste skooljare deurgebring het. Met die beëindiging van die oorlog en my pa se terugkeer, het ons na 'n plaas halfpad tussen Belfast en Carolina verhuis omdat my pa wat sy hele lewe lank geboer het, homself weer daarin wou vestig. Dinge wou maar net nie vir my pa vlot nie en in 1948 het hy handdoek ingegooi en ons het in Pretoria 'n heenkome kom soek. Behalwe vir sy boerdery-ondervinding, was my pa sonder formele kwalifikasies wat dit moeilik gemaak het om werk in Pretoria te kry. Maar hy was darem gelukkig genoeg om by die destydse Silverton Tannery 'n betrekking as masjienoperateur te kry.

Destyds was daar net vier hoërskole in Pretoria; al die ander skole was die sogenaamde junior hoërskole wat net tot Standaard 8 (hedendaagse Graad 10) fasiliteite gebied het. Maar soos die geluk dit wou hê, is daar in 1950 'n nuwe hoërskool in die Moot geopen, grootliks a.g.v. die inisiatief van die destydse LUR vir onderwys, mnr. Michael Brink. Hierdie hoërskool was teen die suiderhang van die Magaliesberg by Wonderboomnek en die hoof was dr. J.C. Otto, latere burgemeester van Pretoria en LV. vir Koedoespoort. Dit was dus logies dat die skool die naam Hoërskool Wonderboom gekry het.

Ons het tien kilometer van die skool af gewoon, maar uit nood kon ek nie busvervoer bekostig nie en moes elke dag die afstand skool toe en terug per fiets aflê – *rain or shine*. As ek na daardie jare terugkyk, besef ek dat die swaarkry van my 'n meer gebalanseerde mens gemaak het. Dit het by my die gedagte gevestig dat alles in die lewe nie op 'n skinkbord kom nie, maar dat 'n mens moue moet oprol, hande uitsteek en self doen om iets in die lewe te bereik.


In 1953 het ek gematrikuleer, maar weer eens het ek voor 'n muur gestaan. Daar was destyds, in teenstelling met vandag, 'n baie beperkte vakkeuse vir leerders beskikbaar. My vakke was almal akademies van aard wat vir my die deure na universiteit moes oopmaak. Maar daar was nie fondse vir universiteit nie en ek moes maar uitspring en werk soek. Werk was skaars en ek het Pretoria se middestad letterlik deurkruis op soek na werk. Uiteindelik, op 18 Januarie 1954, het ek in die Landbank in Paul Krugerstraat begin werk teen die *koninklike* salaris van R53 per maand, vóór aftrekkings.

Ek het steeds 'n brandende begeerte gekoester om te studeer, maar weer eens het fondse ontbreek en buitemuurse onderrig was buite die kwessie omdat ons te ver uit die stad gewoon het. In 1954 het ek my burgermagopleiding by die Lugmagbasis Swartkops gedoen. In daardie jaar, deur my kontak met die groter buitewêreld, het ek verneem dat die Pretoriase Onderwyskollege gratis opleiding aanbied.

Die onderwysdiploma het oor 2½ jaar gestrek met die verstandhouding dat studente verplig was om ná voltooiing van hul kursus vir drie jaar onderwys te gee. Ek het 'n kamer in Rellystraat in Sunnyside gehuur en my kursus in Junie 1957 voltooi, waarna ek vanaf 1958 verder buitemuurs aan die Universiteit van Pretoria (UP) wou studeer.

Daar was egter 'n ooraanbod van onderwysers in die stedelike gebiede terwyl die platteland gesukkel het om onderwysers te kry. Die gevolg was dat ek nie 'n pos in Pretoria kon kry nie en deur die onderwysdepartement op 'n aflosbasis aangestel is. My eerste pos was by 'n viermanskool op Grasmere, halfpad tussen Johannesburg en Vereeniging. Die toekoms in die onderwysberoep het nou vir my duister gelyk en ek het myself uit die kontrak met die Departement losgekoop en in die Landbank aangebly.

So het ek dan in Januarie 1958 my intrek in die VSA-gebou in Vermeulenstraat geneem en by UP vir die B.Comm.-graad ingeskryf. Ongelukkig was die druk vir my te veel en in Maart 1958 het ek my studies gestaak. In Julie 1958 is ek met Antonette Rousseau, 'n kollega by die Landbank, getroud. Ek het my nou op ons gesinslewe en my loopbaan by die Landbank toegespits. In 1963 het nuwe deure vir my oopgegaan. In daardie jaar het die Bank besluit om erkenning, by wyse van senioriteit en salaris, aan gegradueerdes te gee. Dit het my aangespoor om onmiddellik vir die B.Comm.-graad by Unisa te registreer waar ek in 1969 my graad verwerf het.



Pieter en Antonette in 2006 tydens 'n toer deur die Noord en Wes Kaap

Intussen het ons kroos tot twee aangegroei. Behalwe ons huislike lewe en opvoeding van die kinders, het ek my stokperdjie, die versameling en slyp van halfedelstene, beoefen.

In 1976 het daar 'n nuwe belangstelling in my lewe na vore gekom. In daardie jaar is my broer oorlede en een van sy boeke wat in my hande beland het, was *Slagtersnek en sy Mense* deur dr. J.A.Heese. Ek het dit met belangstelling gelees en was verras deur die rol wat Van Aardts in daardie tragiese gebeure gespeel het.

Dit het opeens by my 'n begeerte laat ontstaan om meer oor my voorgeslag te wete te kom. My pa was toe al 86 jaar oud en die geheue nie meer so helder nie. Gevolglik kon hy slegs met onmiddellike familiebesonderhede help, maar niks uit die verlede nie. Ek kon darem 'n bietjie van sy oupa, Frans Johannes van Aardt, se verhuising vanaf Bedford in die Oos-Kaap na die plaas Hamilton in Nu-Scotland in 1876/77 te wete kom. Maar daar het die pad vir my doodgeloop. Ek het nie geweet hoe om verder te gaan nie.

Vroeg in die tagtigerjare het daar egter rigting gekom. Ek het De Villiers en Pama se boek (in twee dele) oor Suid-Afrikaanse families as 'n geskenk gekry en die pad het begin reguit word. Die inligting oor die Van Aardtfamilie was egter skraps. Boonop het die outeurs Van Aardt en Van Aarde as een van beskou en die twee vanne se inligting behoorlik deurmekaar geklits. Dit was nietemin 'n beginpunt.

Op eie stoom het ek in my voorgeslag se boedels in die argief (TAB) by die Uniegebou begin vroetel. Maar my vordering was minimaal. Nogtans het ek voldoende inligting oor my grootoupa Frans Johannes se nageslag gekry om die boekie *Die Van Aardts van Chrissiesmeer* in 1985 te publiseer en 'n groot familiesaamtrek by Chrissiesmeer te reël.

Kort hierná het ek van die bestaan van die GGSA se Noord-Transvaaltak verneem en aangesluit. Die ledetal was nie baie groot nie en die werksaamhede beperk. Tog het dit my die nodige hupstoot gegee. Ek het 'n rit na Bedford onderneem en die geskiedkundige plaas *Roodewal*, die 1820 Setlaars-gedenkteken en die Slagtersnekmonument gaan besoek. Terselfdertyd het ek van die nageslag van my familie wat in 1876 daar agtergebly het, te wete kom.

My navorsing het nou momentum gekry; ek skaf in 1987 my eerste rekenaar en genealogieprogram aan. Soos ek vorder, het deure vir my oopgegaan. Ek het die argiewe in Kaapstad, Bloemfontein, Pietermaritzburg en Pretoria besoek, asook die Meesterskantore in Kaapstad, Grahamstad, Bloemfontein, Pietermaritzburg en Pretoria.

Behalwe soeke na boedelinligting, het ek Saterdagmiddae die land se telefoongidse deurgeblai op soek na Van Aardts. Dan het ek hulle gebel, myself voorgestel en gevra vir familie-inligting. Op dié wyse het ek begin bou aan 'n Van Aardt-familiestamboom. In 2008 het ek internet gekry wat weer eens 'n geweldige aanwinst was. Ek kon nou ook met die hulp van die argief in Delft, Nederland, die Van Aardt-herkoms tot in 1590 naspur. Dit het my gebring waar ek vandag is: met 'n uitgebreide familieregister, verskeie artikels in *Familia* en skakeling met Van Aardts in Brittanje, die Midde-Ooste, Japan, Nu-Seeland, Australië, die Karibiese Eilande, die VSA en Kanada.

Die wyse waarop genealogie my lewe verryk het, is fenominaal. Daarsonder sou my lewe ná aftrede in 1994 rigtingloos en vaal gewees het. Ek is trots daarop dat my belangstelling in die Van Aardtgenealogie daartoe gelei het dat twee ander familieledes, Willem van Aardt van Cookhouse en Carl van Aardt van Pretoria, sodanig aangespoor het dat elkeen nou ook 'n boek oor sy tak van die familie gepubliseer het.

## NU-SCOTLAND

Nu-Scotland het 'n uiters interessante geskiedenis. Vanselfsprekend het dit in my navorsing na vore gekom. In TV Bulpin se *Lost Trails of the Transvaal* vertel hy dat ene Alexander McCorkindale in die vyftigerjare van die negentiende eeu die potensiaal gesien het om Skotse immigrante na Natal te bring. Sy skema het gefaal, maar as 'n vasbyter het hy in die volgende dekade sy fokus na die ooste van die ZAR verskuif. Grond was geredelik beskikbaar en die staatskas leeg. Hy het pres. M.W.Pretorius ooreed om teen vergoeding plase in die omgewing van die hedendaagse Piet Retief, Amsterdam, Oshoek, Carolina en Ermelo aan die *Glasgow and South Africa Company* van McCorkindale en David Forbes beskikbaar te stel. Hierná kon hulle met die grootskaalse werwing van Skotse immigrante begin. Daardie gebied is waterryk en vol natuurlike panne – wat aan Skotland herinner – en dit is New Scotland genoem. Daar sou drie dorpe wees: Industria waar Chrissiesmeer nou is, Londinia in die Piet Retief-area en die hoofdorp Roburnia in die Amsterdamomgewing, so genoem ter ere van die Skotse digter Robert Burns. Die plase het ook almal Skotse name gekry: Bothwell, Knockdu, Banagher, Lothair, Hamilton, Caledonia, Blairmore, ens. Die vestiging van die Skotse immigrante was nie so suksesvol soos hy gehoop het, maar McCorkindale was nog vol entoesiasme.

Sy volgende projek was om vir die ZAR toegang tot die see te verkry deur die Usuturivier bevaarbaar te maak. Terwyl hy hiermee besig was, is hy op 1 Mei 1871 op 'n eiland in die hawe van Maputo aan malaria oorlede.

Die Skotse immigrante het baie swaar gekry en hulle het die een na die ander die plase verlaat. 'n Verdere terugslag het hulle getref toe hul leier Robert Bell in September 1877 deur 'n groep Swazi's op die plaas *Craigie Lee* vermoor is.

Met die ontdekking van goud by Pelgrimsrus in die 1870s, het Industria –waarvan die naam toe al na Lake Chrissie verander is – 'n oplewing beleef omdat dit op die transportroete van Durban na Pelgrimsrus geleë was. Vandag is Chrissiesmeer 'n rustige landelike dorpie met groot toeriste-aantrekkingskrag.

Vir verdere inligting, lees gerus die boek *Chrissie is her Name*, in 2011 gepubliseer deur prof. Ton Sanders.

Pieter van Aardt

2021-03-01

---